Hoërskool Swartland



Hoërskool Swartland

Bemarking- en borgbeleid en ooreenkoms vir advertensieborde

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 29/10/2018

Borgskappe

Die doel van hierdie beleid is om 'n professionele en korporatiewe beeld te skep asook die konsekwente hantering t.o.v:

- Die hantering van borge
- Adverteerders
- Fondsinsamelings
- Bemarkingsmateriaal
- Mediaskakeling
- Funksies
- Werwing/skakeling/bemarking by laerskole

1. Borge

Hoërskool Swartland (die Skool) onderhandel van tyd tot tyd met borge rakende die verskillende sport- en kulturele kodes binne die skool.

1.1 Enige aansoek vir 'n borgskap hetsy 'n geldige borg of 'n ander teenprestasie moet skriftelik ingedien word. Die tipe borgskap en blootstelling verlang, moet in die aansoek gemeld word. (Sien aanhangsel A: HSS Toestemming vir borgskap)

1.2 Organiseerders voltooi die bogenoemde vorm ten einde die borg se besonderhede op die borgedatabasis by te hou.

1.3 Borgedatabasis en register word deur 'n sentrale punt in oorleg met die HSS-bemarker hanteer.

1.4 Die register moet op datum gehou word en termynkennisgewings vroegtydig gegee en konsekwent opgevolg word.

1.5 Borge sal by 'n spesifieke aktiwiteit geregistreer word. Organiseerders moet duplisering van borge by verskillende kodes probeer vermy, behalwe waar 'n borg goedkeuring gee om by meer as een kode borgskappe te doen.

1.6 Borge moet deurgaans konsekwent dieselfde behandeling/blootstelling ontvang.

1.7 Alle borge moet 'n bedankingsbrief ontvang.

1.8 Borge word na die Dankie-sê-funksie genooi.

1.9 Indien 'n sportklereborg versoek dat 'n gratis advertensiebord geplaas moet word, word die naam en redes aan die Bemarkingsbestuurder deurgegee. Die Bemarking- sport - en kultuurkomitee sal besluit of dit wel toegestaan kan word.
Sodanige borgskap moet meer as R.....(finansiële komitee bepaal) beloop. Indien dit toegestaan word, is dit die borg se eie verantwoordelikheid om 'n bord te laat maak volgens die voorskrifte en spesifikasies deur die Skool voorsien.

1.10 Borge van funksies soos bv ARTHSS, Revue, Prysuitdeling, ensovoorts moet op die program genoem en erkenning kry.

1.11 Die Bemarking-sport- en kultuurkomitee moet deurgaans goeie oordeel uitoefen waar 'n voornemende borg 'n teenprestasie anders as 'n geldige bydrae verskaf, of dit versoenbaar met die sport/kultuurkode is.

1.12 Blootstelling van Borgskappe kan die volgende behels:

1.12.1 Borg van sportklere / koordrag / kultuur

- Verwys na sportbeleid

1.12.2 Borg van 'n bate of infrastruktuur

Indien 'n bate of infrastruktuur verskaf word, geld die volgende t.o.v blootstelling:

- Die donateur/borg het die reg om 'n naam op die struktuur aan te bring met die woorde: "geborg/geskenk deur....." Sodanige naamgrootte moet in verhouding tot die waarde van die bate of struktuur wees.
- Goedkeuring is noodsaaklik.
- Die duur van die bate- of infrastruktuurborg sal wees vir solank die bate bestaan en in gebruik is.
- Die borg is ook vir die volle tydperk van die borgskap vir die redelike onderhoud van die struktuur verantwoordelik. Indien nie, behou die Skool hom die reg voor om die "geborg deur...." na redelike kennisgewing te verwyder.
- Die Skool behou die reg voor om steeds advertensies van ander borge naby die geborgde bate te plaas.

1.12.3 Borg van 'n sportdag

In terme van die borg van 'n sportdag, dit net vir daardie een spesifieke geleentheid geldig is.

1.12.4 Hoofborg van 'n spesifieke funksie/ inligtingsessies gedurende die jaar

Sodanige borg het die reg om advertensiemateriaal in goeie smaak, na gelang van die aard van die funksie, uit te stal.

1.12.5 Borge by prysuitdeling

Verwys na Erekleurebeleid

1.12.6 Borgskap in die vorm van professionele mediese dienste

Borgskappe rakende mediese dienste, bv skenkings van noodhulpmiddele/brille, ens hoef nie deur die Bemarkingskomitee goedgekeur te word nie, maar moet deel vorm van die borgedatabasis en Dankie-sê-funksie.

2. Adverteerders

'n Duidelike onderskeid moet getref word tussen 'n borg en 'n adverteerder. 'n Borg skenk geld of toerusting waarop die logo/naam van die besigheid verskyn. 'n Adverteerder maak gebruik van 'n advertensiespasie waarvoor daar betaal word.
Die doel van die advertensieborde/geleenthede is om vir die Skool geld te genereer deur 'n advertensiespasie aan die adverteerder beskikbaar te stel.
Die Skool gee geen waarborg aangaande die reaksie op advertensie en borge nie.

2.1 Advertensies moet in goeie smaak geskied.

2.2 Advertensieborde moet voldoen aan die relevante regulasies en voorvereistes volgens die betrokke Wetsontwerp (Provinsiale Gazette 5801 van 5/12/2001).

2.3 Die skool is gevrywaar teen enige aanspreeklikheid, eise, uitgawes en/of kostes van watter aard ookal wat mag ontstaan weens die nie-nakoming deur die betrokke adverteerder.

2.4 Die Skool kan 'n ooreenkoms beëindig indien die adverteerder versuim om aan die voorgeskrewe terme van die advertensieooreenkoms te voldoen.

2.5 Alhoewel Die Skool redelike voorsorg sal tref, is Die Skool nie verantwoordelik vir enige skade aan advertensiemateriaal van adverteerders nie.

2.6 Advertensies kan in die volgende formaat geskied:

2.6.1 Advertensiespasie in die Korrels en Kaf

2.6.2 Advertensiespasie op die webwerf

2.6.3 Advertensiespasie in die D6-Communicator

2.6.4 Advertensiespasie op koeverte

- 'n Adverteerder kan op / binne-in rapportkoeverte adverteer.

2.6.5 Plakkate en sportprogramme

- Die borge van die dag kan gratis op plakkate en sportprogramme adverteer.
- Die advertensiemateriaal moet van goeie smaak wees en nie teen die etos van die Skool indruis nie.
- Die druk en gebruik is nie onderhewig aan die goedkeuring van die Bemarking- sport- en kultuurkomitee nie.
- Botsende advertensies moet sover as moontlik vermy word.
- Adverteerders kan teen R.....per bladsy op sportprogramme adverteer.

2.6.6 Advertensieborde of tydelike uitstallings op skoolterrein en sportvelde

- Die borge van die dag kan tydelike advertensiemateriaal op skoolterrein en sportvelde opstel.
- Die veiligheid van toeskouers en spelers moet te alle tye in ag geneem word.
- Dit is die adverteerder se plig om alle advertensiemateriaal direk na die sportdag/funksie te verwyder.

2.6.7 Buitelugadvertensieborde

- Advertensieborde kan by die onderskeie sportvelde en bane aangebring word op vooraf goedgekeurde spasies.
- Die spasie word vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar verhuur.
- Na afloop van die 3 jaar termyn sal die adverteerder die geleentheid kry om die kontrak vir 'n verdere termyn van 3 jaar te huur.
- Die Skool moet die verhuurder minstens 3 maande voor die verstryking van die termyn skriftelik kennis gee, met die opsie om die kontrak te hernu.
- Die advertensieborde moet voldoen aan die spesifikasies (grootte, materiaal en inhoud) soos voorgeskryf deur die Bemarking-, sport- en kultuurkomitee.
- Geen advertensiebord mag opgesit word alvorens die nodige toestemming gekry, kontrak geteken en huurgeld betaal is nie.

- Die huurder moet die kontrakteur gebruik wat deur Die Skool gekies word vir die vervaardiging en installasie van die bord.
- Die Skool behou die reg voor, in sy eie diskresie, om die vertoon van enige advertensiebord te weier indien dit onooglik, gevaarlik of strydig te wees met die beleid en etos van Die Skool.
- Die advertensiebord bly die eiendom van die Huurder, selfs na die beëindiging van die ooreenkoms.
- Grootte van buitelugadvertensiebord: 2.45 m x 600 mm.
- Tariewe word jaarliks deur die Bemarking- sport- en kultuurkomitee bepaal.
- Wanneer 'n borg kiere borg, kom hy nie outomaties in aanmerking vir 'n buitelugadvertensiebord nie.

Tariewe rakende buitelugadvertensieborde:

- Tariewe ten opsigte van advertensies en die borg van bates is vooraf betaalbaar.
- Tariewe sal volgens die standaardlys gehef word.
- Tariewe word jaarliks deur die Bemarking- Sport- en Kultuurkomitee hersien en deur die BL goedgekeur.
- Alle kodes asook die ondersteuningsklubs word die geleentheid gegee om die borde namens die Skool te bemark.

3. Fondsinsamelings

Fondsinsamelings in die verskillende kodes moet aangemoedig word.
Die aard en doel van die fondsinsameling moet baie duidelik wees en goedkeuring moet verkry word alvorens die projek begin.
Die begin- en einddatum is belangrik om sodoende te verseker dat daar nie te veel projekte gelyktydig plaasvind nie.

4. Mediaskakeling

Mediaskakeling moet op 'n weeklikse basis plaasvind voor die sluitingsdatums van die publikasies.

- Die Hoof/Adjunkhoof ontvang die prestasies
- Leerders word gelukgewens tydens saalbyeenkoms
- Die bemarker/kode-afrigter stuur inligting na die media
- Media neem foto's ens

5. Bemarkingsmateriaal

Alle bemarkingsmateriaal (Jaarblad, Prospektus, Bemarkingsblad, Inskrywingsvorm, Sertifikate, Briefhoofde) moet in die Skool se skoolkleure gedruk word en die korporatiewe beeld van die Skool uitdra.
Enige verandering op enige van bogenoemde moet goedgekeur word.
Die webwerf/facebook/Instagram en Twitter D6-communicator moet daagliks opgedateer word met die nuutste inligting:

- Die webwerf se formaat moet eenvormig wees vir alle aktiwiteite.
- Inligting oor komende aktiwiteite moet opgelaai word.
- Nadat 'n aktiwiteit plaasgevind het, is dit die organiseerder se verantwoordelikheid om die nuutste inligting deur te gee, sodat dit opgelaai kan word – voordat dit 'ou nuus' is.

6. Skenkings

Skenkings word met groot dankbaarheid aanvaar.

- Enige skenking – van watter aard ookal – moet deur die Skool (vasgestelde persoon) bedank word.
- Persone wat groot skenkings gemaak het, moet, met oorleg van die koördineerders, na die dankie-sê funksie uitgenooi word.
- Skenkings noodsaak nie noodwendig advertensiespasie nie.

7. Werwing/skakeling

Werwing moet deurlopend deur die jaar gedoen word.

- Gereelde kontak met voedingskole.
- Graad 7-opedag word vroeg in die jaar gehou.
- Gr 9-oueraand rakende vakkeuses.
- Besoek die Gr 6-kampe.
- Die Skool se leerders skakel met laerskole se leerders deur van die sportwedstryde amptelik by te woon.

OOREENKOMS VIR DIE OPRIGTING VAN BUITELUGADVERTENSIEBORDE

1. Definisies en interpretasies

1.1 Die volgende woorde en uitdrukkings dra die volgende betekenisse, tensy anders aangedui in konteks.

1.1.1 "Ooreenkoms" beteken hierdie ondertekende ooreenkoms en alle aanhangsels hierby aangeheg en onderteken.

1.1.2 Woorde in die enkelvoud sal ook betrekking hê op die meervoud en *vice versa* en "persoon" sluit in natuurlike sowel as regspersoon.

1.1.3 Hierdie ooreenkoms vervang alle vorige ooreenkomste tussen die Skool en die Maatskappy, mag dit op skrif of verbaal wees.

2. Terme en voorwaardes

2.1 Hierdie ooreenkoms sal geldig wees vir 3 jaar vanaf datum van oprigting van die buitelugadvertensiebord.

2.2 Onderhewig aan **klousule 2.2.1** en **2.2.2** asook **klousule 7** hieronder, het die Maatskappy die reg om die ooreenkoms te hernu voor die datum waarop die huurtermyn verstryk.

2.2.1 Die Maatskappy moet sy reg om die kontrak te hernu, skriftelik uitoefen voor die datum waarop die huurtermyn verstryk.

2.2.2 Die verhuringsbedrag in terme van **klousule 3** hieronder kan verhoog met elke hernuwing volgens die alleen-diskresie van die Skool.

2.3 Die Skool moet die Maatskappy minstens 4 (vier) maande voor die verstryking van die ooreenkoms in kennis stel.

2.4 Indien die Maatskappy nie die ooreenkoms wil hernu nie, moet die Skool 3 (drie) maande voordat die huurtermyn verstryk, skriftelik in kennis gestel word. Die versuiming hiervan sal gesien word as 'n hernuwing van die ooreenkoms vir 'n verdere 3 (drie) jaar termyn en die Maatskappy sal aanspreeklik wees vir die verhuringsbedrag soos bepaal deur die BL.

2.5 Die buitelugadvertensiebord is en bly die eiendom van die Maatskappy.

3. Huurgeld en betalingsooreenkoms

3.1 Die huurgeld beloop jaarliks die bedrag van R....., welke die huurgeld jaarliks vooruit betaalbaar sal wees voor of op die aanvangsdatum, of die verjaardag van die aanvangsdatum.

3.2 Die geld word direk in die Skool se bankrekening inbetaal.

3.3 Die huurgeld moet vry staan van enige ander bedrag wat daarvan afgetrek of daarteen verreken kan word, afgesien daarvan of die Skool enige bedrae verskuldig is aan die Maatskappy of in gebrek staan in enige van sy verpligtinge teenoor die Maatskappy.

4. Installasie en ontwerp van buitelugadvertensieborde

4.1 Die verpligting berus op die Skool om kontrakteurs aan te stel vir die maak en installering van die buitelugadvertensiebord.
4.2 Die Maatskappy onderneem om sy keuse van logo's en teks met betrekking tot die ontwerp en uitleg van die advertensie in elektroniese formaat aan die skool voor te lê.
4.3 Die Skool behou die reg om enige voorlegging af te keur, indien dit nie aan die waardes en/of standaarde van die Skool voldoen nie.
4.4 Die Skool behou die reg voor, in sy eie uitsluitlike diskresie, om die vertoon van die bord te weier indien dit onooglik, aanstootlik of strydig te wees met die beeld, geloof of ethos van die Skool.
4.5 Die spesifikasies met betrekking tot die buitelugadvertensiebord word hierby aangeheg onder "Aanhegsel A".

5. Die Maatskappy se verpligtinge en verantwoordelikhede

5.1 Die Maatskappy onderneem om:

5.1.1 te voldoen aan die relevante regulasies en voorvereistes volgens die betrokke Wetsontwerp (Provinsiale Gazette 5801 van 5/12/2001) en die Skool te vrywaar van enige aanspreeklikheid, eise, uitgawes en/of kostes van watter aard ookal wat mag ontstaan weens die nie-nakoming deur die Maatskappy;
5.1.2 aanspreeklik wees vir alle kostes vir die vervaardiging en installering van die buitelugadvertensiebord(e);
5.1.3 die advertensiebord in goeie toestand te onderhou tot bevrediging van die Skool vir die duur van hierdie ooreenkoms en onderneem om die advertensiebord te herstel of te vervang, op eie onkoste, indien nodig. Sou die Maatskappy versuim om hieraan gehoor te gee binne 7 (sewe) kalenderdae na skriftelike versoek daartoe deur die Skool, sal die Skool in sy uitsluitlike diskresie, die reg hê om die verdofte, beskadigde of andersins onooglike buitelugadvertensiebord te laat herstel, vervang of verwyder op die Maatskappy se koste;
5.1.4 nie enige verandering/wysiging of vervanging van die advertensiebord maak sonder vooraf skriftelike toestemming van die Skool nie;
5.1.5 nie geregtig wees om enige van sy regte in terme van hierdie kontrak te sedeer of oor te maak aan 'n ander party, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Skool;
5.1.6 binne 10 (tien) kalenderdae na afloop van hierdie kontrak of vroeë beëindiging van hierdie kontrak, op eie koste die advertensiebord te verwyder, in die afwesigheid waarvan die Skool geregtig sal wees om onmiddellik die advertensiebord te verwyder en dit te laat vernietig.

6. Die skool se verpligtinge en verantwoordelikhede

6.1 Die Skool onderneem om die koste te dra vir die instandhouding van die struktuur waaraan die advertensiebord vasgesit word, vir die duur van die ooreenkoms.
6.2 Die Skool onderneem om die area rondom die advertensieborde skoon en netjies te hou sodat dit vir beide die Skool sowel as die Maatskappy tot voordeel sal wees.

7. Beëindiging van die ooreenkoms

7.1 Indien die Maatskappy nalaat of versuim om aan die voorgeskrewe terme van hierdie ooreenkoms te voldoen sal die Skool die reg hê om die ooreenkoms te kanselleer, sonder die benadeling van die Skool se regte. Geen vergoeding en/of terugbetaling aan die Maatskappy sal geskied indien die ooreenkoms beëindig word voor die verstryking van die huurtermyn nie.

7.2 Indien die fasiliteit waarvan die advertensiespasie deel vorm, tot so 'n mate beskadig of vernietig sou word dat die advertensiespasie nie meer voordelig aangewend kan word nie, dan sal hierdie ooreenkoms outomaties tot 'n einde kom, tensy die partye skriftelik anders ooreenkom.

8. Domicilia en kennisgewings

8.1 Die partye nomineer as hulle *domicilia citandi et executandi* hulle onderskeie adresse soos uiteengesit op bladsy een van hierdie ooreenkoms vir alle doeleindes voortspruitend uit of in verband met hierdie ooreenkoms;

8.2 Nieteenstaande enigiets tot die teendeel vervat of geïmpliseer in hierdie ooreenkoms, 'n skriftelike kennisgewing ontvang deur een van die partye sal beskou word as voldoende kennisgewing aan sodanige party.

9. Volle ooreenkoms

Hierdie is die volledige en uitsluitlike ooreenkoms tussen die partye en geen waarborge, voorstellings of ander bedinge of voorwaardes van watter aard ookal wat nie hierin vervat is nie, sal op die partye bindend wees nie. Geen wysiging van die bepalings of voorwaardes van hierdie ooreenkoms of enige onderlinge kansellasie daarvan sal enige regskrag hê nie, tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is.

10. Nie-afstanddoening

10.1 Geen toegewing wat een party aan die ander party maak sal as afstanddoening van enige regte van die gewer beskou word nie en laasgenoemde sal nie daardeur verhinder word om enige regte wat in die verlede ontstaan het of in die toekoms mag ontstaan, teen die ontvanger af te dwing nie.

10.2 Die versuim van enige party om te voldoen aan 'n nie-materiële term van hierdie ooreenkoms sal nie geag word vrystelling te wees aan die ander party om sy verpligtinge in terme van hierdie ooreenkoms ten volle na te kom nie.

11. Waarborg

Die persone wat hierdie ooreenkoms onderteken namens die Skool en die Maatskappy waarborg dat hulle oor die nodige magtiging beskik om dit te onderteken.

12. Verbruikersbeskermingswet

Die partye bevestig hiermee dat hierdie ooreenkoms vrygestel is van die bepalings van die Verbruikersbeskermingswet, Wet 68 van 2008.

GETEKEN te _____ op hierdie _____ dag van

_____ 20____ in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies:

_____
Nms: **Die Skool** behoorlik gemagtig

1. _____ 2. _____
As getuies vir **Die Skool**

GETEKEN te _____ op hierdie _____ dag van

_____ 20____ in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies:

_____
Nms: **Die Maatskappy** behoorlik gemagtig

1. _____ 2. _____
As getuies vir **Die Maatskappy**

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 29e DAG

VAN Oktober 2018.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof